Bekeer

G. J. Du Preez 072 1876 076

Wat is dit om te bekeer?

Die woord 'bekeer' gee dadelik deur dat jy moet omdraai of terugdraai van waar jy kom. Tog met die verstaning van die woord 'bekeer' interpreteer baie die woord anders.
Bekering beteken: Van sleg na goed, tot inkeer bring, van oortuiging laat verander, omskakel, verander, omskep, terugroeping (Eng= Convert, reform, repentance, reclamation) Baie predik dat die "wêreldling" moet omdraai of terugdraai. Om te bekering (*terugdraai*) moet daar 'n 'inkering' wees. Daar moet 'n 'inkering' plaasvind om jou uit te wys dat jy jou moet bekeer (*inkering beteken: Ernstige selfondersoek, berou, in jou gedagte verdiep, nadink oor wat 'n mens verkeerd gedoen het*). Die mikpunt met inkering en bekering is om gered te word van die verkeerde weg wat daar gevolg was.

Onmiddellik kom daar 'n paar probleme na vore soos:

1) Hy is 'n anders kleurig
2) Hy en al sy voorsate was en is Hindoes (of iets anders)
3) Hy moet nou nadink oor wat hy en sy mense verkeerd gedoen het
4) Hy moet van sy vorige oortuigings verander
5) Hy moet nou van sy nuwe god redding en bevryding smeek
6) Hy moet nou ontslae raak van sy kultuur en joune aanneem (ens)

So vra die Hindoe (*Ander gelowe*) en sy mense ook nou die vrae soos:

1) Ek as 'n Hindoe moet nou 'n wetsoortredings besef hê (a) Watter wet het ek dan oortree as ek nie onder die Israel wette was nie?
   (b) Watter wet het ek oortree as ek die Hindoe wet gehoorsaam het?
   (c) Was my god wat ek aanbid het dan die Duiwel?
2) As ek nou moet bekeer (a) Waarna moet ek nou bekeer, want ek ken tog net die Hindoe gode? (b) Beteken bekeer dit nie terugroeping na jou god wat jy gehad het nie?
3) Hulle wil my nou loskoop (a) Waarvan word ek nou losgekoop? (b) Hoe word ek nou losgekoop na iets wat ek nog nooit geken het nie.

Knaend wil die liberalis almal in sy hemel inkry en kort, kort loop hy hom vas teen al die soort van vrae. (a) Hy weet daar moet wetsoortredings besef kom, maar dit is net vir Israel; (b) Hy weet daar moet inkeer kom, maar dit is net vir Israel; (c) Hy weet daar moet bekering kom, maar dit is net vir Israel; (d) Hy weet daar moet gedoop word, maar dit is net vir Israel.
(1) Hoe kan jy teruggaan na iets as jy nog nooit daar was nie; (2) Hoe kan jy om verskoning vra aan iemand as jy hom nie seergemaak het nie; (3) Hoe word jy nou 'n "biologiese" Israeliet en jy is nie van die twaalf stamme nie. (4) Wat maak my nou 'n geestelike Israeliet as die Skrif sê bloedverwante of bloedskuld, stamboom, nageslag, bloedlyn, Skepper van Abraham, Isak, Jakob en sy seuns ("*die twaalf stamme"*). (5) Hoe kan daar skuld betaal word as daar nie skuld aangegaan was nie.

(6) Hoe kan almal hulle skaam oor iets wat hulle nie eers van weet nie (*Kan alle volke bloed in die gesig wys as hulle hul skaam?*). (7) Hoe kan ander volke aansluit of inskakel as daar alreeds 'n Verbond met Israel gesluit was (*'n Verbond is waar daar twee partye met 'n getuienis 'n kontrak opstel*). Dit eers daar gelaat oor die ander volke wat nie saam met Isak se nageslag kan bekeer tot sy Skepper nie (Gen.21:10).

Ek gaan nou oor tot die Skrifte om bekering uit te wys.

*1Sam. 7:3 Maar Samuel het met die hele huis van Israel gespreek en gesê: As julle met jul **hele hart** julle tot ~~die HERE~~ YHUH bekeer, verwyder dan die **vreemde gode** en die Astartes onder julle uit, en rig julle hart op ~~die HERE~~ YHUH en dien Hom alleen; dan sal Hy julle red uit die hand van die Filistyne.*

*2Kon. 17:13 En ~~die HERE~~ YHUH het Israel en Juda gewaarsku deur die diens van elke profeet en elke siener en gesê: Bekeer julle van jul verkeerde weë en **onderhou My gebooie**, **My insettinge**, volgens die hele wet wat Ek julle vaders beveel het, en wat Ek deur die diens van My diensknegte, die profete, vir julle gestuur het.*

*2Kron. 30:6 Die hardlopers gaan toe **met die briewe** uit die hand van die koning en sy owerstes deur die hele Israel en Juda, en volgens die gebod van die koning, om te sê: Kinders van Israel, bekeer julle tot ~~die HERE~~ YHUH, die ~~God~~ Skepper van Abraham, Isak en Israel, dat Hy Hom mag wend tot die **vrygeraaktes wat vir julle oorgebly** het uit die hand van die konings van Assirië.*

*2Kron. 30:9 Want as julle jul tot ~~die HERE~~ YHUH bekeer, sal julle broers en julle kinders barmhartigheid vind voor die wat hulle as gevangenes weggevoer het, sodat hulle na hierdie land kan terugkom; want ~~die HERE~~ YHUH julle ~~God~~ Skepper is ~~genadig~~ **goedgunstig en barmhartig**, en Hy sal die aangesig van julle nie afwend nie as julle jul tot Hom bekeer.*

*Neh. 1:9 maar as julle jul tot My bekeer en **My gebooie onderhou** en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat Ek verkies het om my Naam daar te laat woon.*

Jes. 31:6 Bekeer julle tot Hom van wie die kinders van Israel diep afgeval het.

*Jer. 18:11 Sê dan nou tog aan die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem dit: So spreek ~~die HERE~~ YHUH: Kyk, Ek maak ~~onheil~~ onreinheid gereed teen julle, en Ek dink 'n plan uit teen julle; bekeer julle tog, elkeen van sy **verkeerde weg**, en maak julle weë en julle handelinge goed.*

*Jer. 25:5 met die woorde: Bekeer julle tog elkeen van sy verkeerde weg en van die **boosheid van julle handelinge**, en woon in die land wat ~~die HERE~~ YHUH aan julle en julle vaders gegee het, van eeu tot eeu;*

*Jer. 35:15 En Ek het na julle gestuur al My knegte, die profete, vroeg en laat, om te sê: Bekeer julle tog elkeen van sy **verkeerde weg** en maak julle **handelinge** goed en loop nie agter **ander gode** aan om hulle te dien nie; dan sal julle bly in die land wat Ek aan julle en julle vaders gegee het. Maar julle het geen gehoor gegee en na My nie geluister nie.*
*Eseg. 14:6 Daarom, sê aan die huis van Israel: So spreek ~~die Here HERE~~ YHUH van die leërskare: Bekeer julle en wend julle af van julle **drekgode** en wend julle aangesig af van al julle **gruwels**.*
*Eseg. 18:30 Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek ~~die Here HERE~~ YHUH van die leërskare. Bekeer julle en wend julle af van al julle **oortredinge**, sodat dit nie 'n **struikelblok** tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie.*
*Eseg. 18:32 Want Ek het **geen behae in die dood** van hom wat sterwe nie, spreek ~~die Here HERE~~ YHUH van die leërskare. Bekeer julle dan en lewe.*
*Eseg. 33:11 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek ~~die Here HERE~~ YHUH van die leërskare, gewis, Ek het geen behae in die dood van die ~~goddelose~~ bose nie, maar daarin dat die ~~goddelose~~ bose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul **verkeerde weë**! Waarom tog wil julle sterwe, o huis van Israel?*
*Hos. 14:3 Neem woorde met julle, en bekeer julle tot ~~die HERE~~ YHUH; sê aan Hom: Vergeef alle **ongeregtigheid**, en neem aan wat goed is; dan sal ons as **offerdiere ons lippe aanbied**.*
*Joël. 2:12 Maar selfs nou nog, spreek ~~die HERE~~ YHUH, bekeer julle tot My met julle hele hart, en **met vas en geween en rouklag**.*
*Joël. 2:13 En **skeur julle hart** en nie julle klere nie, en bekeer julle tot ~~die HERE~~ YHUH julle ~~God~~ Skepper; want Hy is ~~genadig~~ goedgunstig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die ~~onheil~~ onreinheid;*
*Sag. 1:4 Moenie soos julle vaders wees nie, tot wie die vroeëre profete geroep en gesê het: So sê ~~die HERE~~ YHUH van die leërskare: Bekeer julle tog van julle **bose weë** en julle **bose werke**; maar hulle het nie gehoor en na My nie geluister nie, spreek ~~die HERE~~ YHUH.*
*Matt. 3:2.... gepreek en gesê: Bekeer julle, want **die koninkryk van die hemele het naby gekom**.*
*Mark. 1:15... en gesê: **Die tyd is vervul** en die koninkryk van ~~God~~ VADER het naby gekom; bekeer julle en **glo die evangelie**.*
*Luk. 15:7 Ek sê vir julle dat daar net so **blydskap** sal wees in die hemel oor een ~~sondaar~~ wetsoortreder wat hom bekeer, meer as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie.*
*Luk. 15:10 So, sê Ek vir julle, is daar blydskap **voor die engele** van ~~God~~ VADER oor een sondaar wat hom bekeer.*

Hand. 2:38 En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle ***gedoop*** *word* ***in die Naam*** *van ~~Jesus Christus~~* ***YAHUSHA*** *tot vergewing van ~~sondes~~ oortredings, en julle sal* ***die gawe*** *van die ~~Heilige~~ Reine Gees ontvang.*

Hand. 3:19 Kom dan tot ***inkeer en bekeer*** *julle, sodat julle ~~sondes~~ oortredings uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die ~~Here~~ Meester mag kom,*

Hand. 3:26 ~~God~~ VADER het, nadat HY SY Kind ~~Jesus~~ YAHUSHA opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te ***seën*** *deur elkeen van sy booshede te bekeer.*

Jak. 5:19 Broeders, as een onder julle van die waarheid afgedwaal het en iemand hom bekeer,

Jak. 5:20 laat hy weet dat die een wat 'n ~~sondaar~~ wetsoortreder van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte ~~sondes~~ oortredinge sal bedek.

Samevatting:

Om te bekeer {*as 'n uitverkore*} het die gegewe verse vir ons telkemaal bevestig wat om te doen.(1) 'Inkeer' en dan 'bekeer' (2) Besef die verkeerde weg (3) Weet dat jy besig is met gruwels (4) Los dit en kom weg van die vreemde gode (5) Besef dat jou handelinge boos is, speur jou weë na en besef die verkeerdheid daarvan (6) Dink en speur na of daar reg in ongeregtigheid is (7) Besef dat dié weë wat jy gewandel het bose werke was (8) Besef dat die ander gode drekgode was wat VADER toornig gemaak het (9)Besef en smeek dat VADER jou oë voortdurend die struikelblok sal uitlig.

Met al die gegewe versverwysings uit die Skrif (van VADER) besef dat jy 'n oortreder was en dat jy die verkeerde weg gevolg het wat lei na die verderf.

Dus met inkering: (a) Skeur jou hart, 'bekeer / draai om' en kom te staan voor ons Koning (b) Gee jou hele hart aan VADER (c) Ween en vas met gerouklaag oor jou oortredinge (d) streef om VADER se gebooie te onderhou (e) Doen VADER se insettinge (f) Bied jou lippe aan as offer {*as 'n skaap*} voor VADER (g) Glo die evangelie (h) Smeek om gedoop te kan word in die Naam "YAHUSHA" (i) Laat toe dat VADER se goed-guns en barmhartig oor jou kom.

Let op dat VADER geen behae in die dood het nie en daarom het HY SY Seun vir ons gestuur sodat Hy aan ons dié koninkryk van die hemele aan ons moes verkondig het. Die tyd is vervul my vriend en blydskap is daar voor die boodskappers vir elke vrygeraakte. Daar wag seën vir jou en die gawe van ontvangs van die Gees {YAHUSHA} van VADER. 'Bedink dit'